higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 3

(3011023)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Natuurlike hulpbronne sluit in:

A Grond- en marienehulpbronne
B Werkers in 'n fabriek
C Rente verdien op belegging
D Wins van 'n besigheid

1.2 'n Belangrike finansiële instelling wat help in die aanvanklike verkoop van effekte.

A Beleggingsbank
B Kommersiële bank
C Effektebeurs
D Makelaarshuis

1.3 'n Bedingingsraad is:

A 'n Assosiasie van werknemers wie se hoofdoel sit is om verhoudings tussen werknemers en werkgewers te reguleer
B 'n Onafhanklike statutêre liggaam wat deur die Departement van Arbeid gefinansier word en inligting oor goeie arbeidspraktyk verskaf
C 'n Reeks formele vergaderings tussen die verteenwoordiger van die werknemer (vakbond) en die verteenwoordiger van die werkgewer (werkgewersorganisasie)
D 'n Groep prokureurs wat werknemers se regte beding

1.4 Die gelykbreekpunt is wanneer inkomste ...

A gelyk is aan veranderlike koste.
B gelyk is aan uitgawes.
C meer is as uitgawes.
D minder is as uitgawes.

1.5 Verbruikersinflasie word gemeet deur:

A PPI
B VPI
C BBP deflator
D Monetêre beleid

1.6 Die vraag wat om in 'n vrye mark ekonomie te produseer, word besluit deur:

A Private individue
B Fabrieke
C Die regering
D Invoerders en uitvoerders

1.7 Die proses om goedere en dienste vir mekaar te ruil in die afwesigheid van geld, word genoem …

A items as geld.
B belegging.
C ruilhandel.
D verteenwoordigende geld.

1.8 'n Styging in die oliepryse sal lei tot:

A Koste-inflasie
B Vraaginflasie
C Hiperinflasie
D Deflasie

1.9 ... is die bedrag wat die verkoper by die finale koste byvoeg wat die wins van die verkoper verteenwoordig.

A Brutowins
B Omset
C Prysopslag ('*mark-up')*
D Netto wins

1.10 Watter instelling is die gesaghebbende liggaam wat vaardigheidsontwikkeling in 'n spesifieke ekonomiese sektor reguleer?

A SETA
B ASAA
C SADC
D LRA

1.11 Watter van die volgende is NIE 'n metode om 'n meer volhoubare gebruik van die natuurlike omgewing te verseker nie?

A Hef bykomende belastings op bedrywe wat besoedeling produseer.
B Maak wette om emissies van skadelike stowwe te beheer.
C Laat vrye toegang tot natuurgebiede toe om bewustheid aan te moedig.
D Handhaaf maniere om negatiewe eksterne faktore te beheer.

Kopiereg voorbehou

1.12 Mnr en Mev Yang moet hulle geld van Japannese jen na Suid-Afrikaanse rand omskakel. Hulle het ¥500 000 wat hulle na rand moet omskakel teen 'n wisselkoers van 1¥ = R0,06.

Wat het hulle in ruil vir hulle jen gekry?

A R 30 000
B R 3 000
C R 33 000
D R530 000

1.13 Die hoofbron van energie in Suid-Afrika is …

A water.
B steenkool .
C elektrisiteit.
D gas.

1.14 'n Kenmerk van globalisering is:

A 'n Toenemende gaping tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande.
B Die ontwikkeling van 'n enkele wêreldmark.
C Tradisionele lande word oorbodig.
D Verkoop goedere teen hoër pryse.

1.15 Watter van die volgende is nie 'n interne aktiwiteit van 'n besigheidsorganisasie nie?

A najaag van wins
B bemarking
C bestuur
D mededingers

1.16 Een verskaffer in die mark:

A Oligopolie
B Monopolie
C Vrye kompetisie
D Alleeneienaarskap

1.17 'n ... is 'n proses om 'n regeringsverskaffer aan te stel.

A Tender
B Verkryging
C Franchise
D Veiling

Kopiereg voorbehou

1.18 Die strategie wat bestuur gebruik om getalle-opsies te oorweeg wat toegepas kan word soos nodig:

A Passiewe strategie
B Aanpassingstrategie
C Gebeurlikheidstrategie
D Offensiewe strategie

1.19 Algemene houding of gevoel van die publiek aangaande 'n kwessie:

A Houding
B Openbare mening
C Openbare betrekkinge
D Bemarking

1.20 Die manier waarop geld in 'n besigheid in- en uitvloei:

A Kontantvloei
B Kontantgenerering
C Verkope
D Omset

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Noem die vergoeding van vier produksiefaktore. (4)

2.2 Noem TWEE voorbeelde van koste wat gebruik word om koste aan wal te bereken. (2)

2.3 Die term word gewoonlik gebruik met verwysing na die effektebeurs wanneer mense vol vertroue is? (1)

2.4 Omskryf die volgende begrippe:

2.4.1 Dividend

2.4.2 Tegnologie

2.4.3 Mikro-omgewing

2.4.4 Werkloosheid

2.4.5 Aandele

(5 × 2) (10)

2.5 Bereken hoeveel 'n subkontrakteur betaal sal word gegewe die volgende:

Produksiekoste:	R100
Winspersentasie:	25%
Getal verkoop:	50
Verkoper se persentasie wins	20%

(3)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die uittreksel wat hier onder verskaf word en beantwoord die vrae.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK VERLAAG TERUGKOOPKOERS NA 5%

Ná verbeterde inflasiesyfers en geen einde in sig vir die Euro sone-krisis, het die Reserwebank ekonomiese ontleders verras toe hulle die terugkoopkoers Donderdag met 50 basispunte vir die eerste keer in maande verlaag het.

[Bron: *Mail & Guardian,* Julie 2012]

3.1.1 Omskryf die *terugkoopkoers.* (2)

3.1.2 Volgens die uittreksel, wat is die redes vir die verlaging van die terugkoopkoers? (2 × 2) (4)

3.1.3 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank se doeltreffendste manier om inflasie onder beheer te hou, is om die terugkoopkoers te verhoog'.

Wat sal die uitwerking van 'n verhoogde terugkoopkoers op huishoudings en firmas wees? (3 × 2) (6)

3.1.4 Noem TWEE buitelandse valutareserwes wat gehou word deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank. (2)

3.2 Waarom word geld 'n ruilmiddel genoem? (2)

3.3 Verduidelik VIER kenmerke van 'n gemengde ekonomie. (8)

3.4 'Goeie infrastruktuur is noodsaaklik vir ekonomiese ontwikkeling'. Staaf hierdie stelling. (4 × 2) (8)

3.5 Skryf die betekenis van die term *nasionalisering* neer. (2)

Kopiereg voorbehou

3.6 In Junie 2014 was die wisselkoers R10, 62 teen die Dollar. Aanvaar dat die rand se waarde met 20% gedaal het.

Bereken die nuwe wisselkoers. (Toon al die berekeninge.) (3)

3.7 'n Motorhandelaar wil 'n afleweringsvoertuig van Duitsland invoer. Die voertuig kos R100 000 voor ander kostes gehef word. Die invoerheffing word gehef teen 35%.

Bereken die invoerbelasting op die voertuig. (3)
[40]

VRAAG 4

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

SUID-AFRIKANERS LEEF ONDER DIE ARMOEDSGRENS

Ja, armoede het met verloop van tyd gedaal – maar ooglopende nie genoeg nie. En dit is slegs deel van die dilemma waarvoor ons in Suid-Afrika te staan kom omdat terwyl armoedevlakke gedaal het, het ongelykhede verhoog en die gaping tussen die besitters en niebesitters groei steeds.

[Aangepas uit: *Mail & Guardian,* 16 September 2011]

4.1 Omskryf die term armoede en gee 'n gepaste voorbeeld. (4)

4.2 Verduidelik die belang van entrepreneurs in die ekonomie. (3 × 2) (6)

4.3 Verduidelik kortliks hoe die landelike/stedelike migrasie armoede veroorsaak. (6)

4.4 Onderskei tussen markomgewing en makro-omgewing. (4)

4.5 Watter gesag is verantwoordelik om sosiale dienste in Suid-Afrika te verskaf? (2)

4.6 Noem TWEE negatiewe impakte van MIV/VIGS op besighede. (4)

4.7 Watter uitwerkings het inflasie op die lopende rekening van die Suid-Afrikaanse betalingsbalans? (4 × 2) (8)

4.8 Wat is die hooffunksie van finansiële markte? (2)

4.9 Verduidelik die rol wat die regering as verskaffer of entrepreneur speel. (4)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Verduidelik kortliks die ekonomiese belang van 'energie' as deel van Suid-Afrika se infrastruktuur. (3 × 2) (6)

5.2 Wat is saamgestelde rente? (2)

5.3 Buddy leen R12 000 by die bank teen 'n rentekoers van 21% p.j. Hy betaal die lening oor ses maande terug.

5.3.1 Bereken die rente wat Buddy op die lening sal betaal. (3)

5.3.2 Bereken die totale bedrag wat hy op die lening sal terugbetaal. (3)

5.3.3 Bereken sy maandelikse terugbetalings. (2)

5.4 Wat is *direkte verhouding?*

5.5 'n Meubelmaker en sy assistent wil 'n nuwe houtraambank met oorgetrekte sponskussings maak. Die tyd wat hulle aan elke aktiwiteit sal bestee om al die take uit te voer, word hieronder genoem:

AKTIWITEIT	**TYD IN DAE**
A. maak houtlenings en -pote	3
B. maak houtrugleuning	1
C. maak houtbasis	2
D. sny spons vir rugleuning en basis	1 3
E. maak oortreksels	1
F. trek sponskussings oor	1
G. sit alles bymekaar	

(2)

5.5.1 Gebruik die inligting wat verskaf word hierbo om die kritieke pad wat die meubelmaker en sy assistent moet volg om die bank te vervaardig. (12)

5.5.2 Die meubelmaker wil 4 000 banke na Engeland uitvoer. Die volgende kostes sal aangegaan word om die bank te vervaardig.

- Materiaalkoste R1 600 per bank
- Etikette R240 per 600
- Verpakkingskoste per bank R100 per 50
- Verskepingskoste R2 600 per 100
- Versekeringspremies word bereken teen 6% van totale koste
- Invoerbelasting word gehef teen 'n koers van 40%
- Die maatskappy finansier die transaksie deur 'n lening wat hulle R30 000 in rente kos.

Bereken die totale koste van 4 000 banke. Toon al die berekeninge. (10)

[40]

VRAAG 6

6.1 Identifiseer die ekonomiese sektore van die volgende:

6.1.1 Dienste

6.1.2 Bedryf

6.1.3 Landbou

(3 × 2) (6)

6.2 Noem TWEE voorbeelde van hernubare hulpbronne. (2)

6.3 Noem DRIE funksies wat deur die Landbank in die landbousektor uitgevoer word. (3 × 2) (6)

6.4 Verduidelik hoe globalisering gelei het tot veranderings in indiensnemingstoestande. (3 × 2) (6)

6.5 Noem TWEE maatreëls wat die regering gebruik om armoede in Suid-Afrika te verlaag. (4)

6.6 Verduidelik hoe 'n mens werksgeleenthede in die landbousektor verkry.(3 × 2) (6)

6.7 Verduidelik hoe 'n verskaffer se gedrag die besigheidsbedrywighede en sukses direk sal beïnvloed. (4)

6.8 Verduidelik SBBEB in besonderhede. (6)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou